Kriteria vir die verkiesing van UK-lede

Graad 11- leerders mag aansoek doen om as UK-lid verkies te word.

1. **'n Leerder kwalifiseer indien hy/sy**

1.1 'n ingeskrewe lid van Hoërskool Merensky is en sy naam op die nominasielys verskyn,
1.2 hy/sy skriftelik aansoek doen,
1.3 'n positiewe akademiese en dissiplinêre rekord het,
1.4 aktief betrokke is by skoolaktiwiteite, en
1.5 nie die VOO-fase (graad 10-11) gedruip het of oorgeplaas is nie.

2. Die punte moet uit verskillende dissiplines verdien word, bv. nie net sport- of net kultuurdeelname nie.

Indien 'n kandidaat ná graad 8 in MHS ingeskryf is, sal die formule waarop die punte vir leierskursusse bereken word, aangepas word. So 'n kandidaat moet ten minste 15 punte in een jaar verdien.

KRITERIA om op die NOMINASIELYS VIR DIE UK-VERKIESING te verskyn:

BYWONING BY LEIERSKURSUSSE GRAAD 8 - 11	**AANTAL PUNTE**
15% bywoning van leierskursusse per jaar	1
50% bywoning van leierskursusse per jaar	3
65% bywoning van leierskursusse per jaar	5
75% bywoning van leierskursusse per jaar	7
100% bywoning van leierskursusse per jaar	10
LW: 75% bywoning word vereis in Graad 11	
DEELNAME AAN AKTIWITEITE	
Skoolaktiwiteite per jaar	2 punte / aktiwiteit / jaar
Provinsiale deelname	1 punt / aktiwiteit / jaar
Kaptein / leier van 'n span of groep	1
Huisdeelname punte word pro-rata toegeken	

AKADEMIE	
‘n Gemiddeld van 60% en hoër per jaar	1
‘n Gemiddeld van 70% en hoër per jaar	2
‘n Gemiddeld van 80% en hoër per jaar	3
NEGATIEWE PUNTE en DISSIPLINêRE KWESSIES	
Skuldigbevinding tydens ‘n dissiplinêre verhoor	-10
Vol detensie Gr. 8-10	-2
Vol detensie Gr. 11	-3
Skuldigbevinding tydens ‘n dissiplinêre verhoor waar die Bestuurspan **aanbeveel** dat die leerling vir verwydering van die nominasielys oorweeg moet word in Graad 11	

‘n Minimum van 40 punte is nodig om op die nominasielys te verskyn.

Hoe lyk die nominasie- en verkiesingsproses?

- Kandidate woon leierskapkursusse by.
- Gedurende die 1e leierskapkursus van die 2e kwartaal van Gr 11, word nominasievorms uitgegee. Datums en vereistes word bespreek asook sluitingsdatum van aansoeke.
- Aansoeke moet VOLLEDIG ingevul en ingedien word voor die sluitingsdatum.
- Geen ekstra inligting sal na die sluitingsdatum aanvaar word nie.
- Punte word verwerk.
- Nominante word aangekondig deur die hoof soos aangedui op die kalender.
- Nominante moet voor die skool hul beleidstoesprake lewer voordat die skool die geleentheid kry om te stem.
- Elke leerder en onderwyser kry ‘n geleentheid om eenmalig te stem. Elkeen moet vir ten minste 25 kandidate stem, maar nie meer as 30 nie.
- Leerders met die meeste stemme word aangekondig as leiers, ongeag geslag.
- Aantal leiers word deur hoof en UK voogde bepaal n.a.v. die behoefte in die skool.
- ‘n Verpligte kamp word gedurende die winter skoolvakansie gehou waartydens leiers die geleentheid kry om vir die hoofleiers te stem.